LAERSKOOL ASHTON * ASHTON PRIMARY SCHOOL

GEORGESTRAAT
ASHTON
6715
TEL: 023 – 615 1370

GEORGE STREET
ASHTON
6715
FAX: 023 – 615 2327

E-pos/E-mail: admin@ashtonps.co.za
Webblad/Website: www.laerskoolashton.co.za

20 Januarie 2020

Geagte Ouers

OMSENDSKRYWE 1/2020

Hartlik welkom na die Kersvakansie. Die skool is dankbaar dat almal veilig terug is en sien uit na 'n opwindende 2020. Met die reën en onverwagse koue is daar enkele klerebestellings uitstaande. Dit is reeds met die verskaffer opgeneem en ons sal die betrokkenes op hoogte hou. Die verskaffer hanteer die uitstaande bestellings en ons sal dit binnekort ontvang. Die verskaffer vra omverskoning vir enige ongerief.

Woensdagaand om 18:00 is dit ons oueraand. Almal vergader eers in die NG Kerksaal waarna daar na die onderskeie klasse beweeg sal word. Dit is 'n geleentheid om u kind se klasonderwyser te ontmoet en wedersydse verwagtinge vir 2020 uit te klaar.

Graag herinner ons weer aan die SBL se projek om die skool te verf. U kan Mnr. Lafras Uys by AH Marais kontak om verf of iets anders te borg. U kan ook 'n inbetaling in die skool se rekening maak met verwysing : verfprojek. Die SBL gaan eersdaags met die projek begin.Vriendelik versoek ons ook alle ouers wat die skool tydens skoolure besoek om eers by die algemene kantoor aan te meld. Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

Laerskool Ashton se OOV bied op Saterdag 7 Maart 2020 'n ouerskapseminaar by Excelsior Wynlandgoed aan. Die tema is : **Uitdagings en oplossings vir ouerskap in 2020.** Dr. Serahni Symington is die aanbieder en dit beloof om 'n baie insiggewende, leersame oggend te wees. Sy is 'n geregistreerde, professionele berader en spelterapeut. Sy werk met kinders van alle ouderdomme en die uitdagings waaraan hulle blootgestel is. Sy is self die ma van twee jong kinders.

Die kaartjies vir die seminaar beloop R130-00 en sal by die skool beskikbaar wees. Ligte verversings word ingesluit by die prys. Dit sal plaasvind van 09:30 tot 13:00. Pappas en mammas is welkom. Voltooi asb. die onderstaande strokie en stuur voor/op 7 Februarie terug skool toe. Koop asseblief betyds u kaartjies om teleurstelling te voorkom. Stuur asseblief die korrekte bedrag in 'n gemerkte koevert skool toe.

Sterkte vir die jaar en ons vertrou dit gaan voorspoedig wees.

Vriendelike groete

JC Burger(Skoolhoof)

- - - - - - - - - - - - - -

Ek ouer van_____in graad_____stel belang in_____(aantal) kaartjie(s) vir Dr. Symington se ouerskapseminaar.